SUIDWES
Fin

VAKATURE

Suidwesfin, die versekerings- en kredietverskaffingsdivisie van Suidwes Landbou, met bedryfspunte te Bothaville, Wolmaransstad, Vryburg, Schweizer-Reneke, Christiana en Hoopstad, beskik tans oor die volgende vakature:

LEERLING: VERSEKERINGSADVISEUR

te

SUIDWESFIN: LEEUDORINGSTAD

Suidwes bied tans die geleentheid aan mense uit die aangewese groepe (swartmense, Indiërs, Kleurlinge en gestremdes) om in diens in 'n verskeidenheid van rekenkundige en administratiewe take opgelei te word. Indiensopleiding beslaan praktiese werk in Suidwes se Versekeringsdepartement. Kandidate sal gereeld geassesseer word om hul bevoegdheid te bewys.

Kandidate sal gedurende 'n drie maande-proeftydperk opgelei en geassesseer word aan die hand van drie voorgeskrewe take en indien hulle bevoeg bevind word, kan 'n formele ooreenkoms tussen hulle en Suidwes gesluit word.

DIE SUKSESVOLLE KANDIDAAT SE VERANTWOORDELIKHEDE SLUIT IN:

- **Om verskeie versekeringspakkette te bemeester en te bemark.**
- **Betrokkenheid by die administratiewe prosesse in versekering.**
- **Om opleiding te ondergaan ten einde te voldoen aan die FAIS-vereistes soos omskryf in die Wet.**
- **Om binne 'n tydperk van twee jaar as volwaardige adviseur te bekwaam.**

VEREISTES:

- **Matriek (Graad 12).**
- **Moet goeie kommunikasievaardighede op alle vlakke kan handhaaf.**
- **Moet onafhanklik kan funksioneer en eie inisiatief aan die dag lê.**
- **Rekenaarvaardigheid ten opsigte van die nuutste Office-sagtewarepakkette (veral Excel, en Word) asook die Internet.**
- **Toepaslike kwalifikasies en indiensopleiding in die Versekeringsbedryf sal in u guns tel.**
- **'n Kontrak met Suidwes vir die tydperk van indiensopleiding aan te gaan.**

Suidwes is verbind tot diensbillikheid.

Skakel Gerhard Booysen by 018 581 1075 vir meer besonderhede, of doen skriftelik aansoek deur middel van 'n volledige CV (faksnommer 018 581 1510 of e-pos elrinavh@suidwes.co.za). Dui asseblief duidelik aan vir watter pos u aansoek doen.

Indien u nie binne drie weke na die sluitingsdatum vir 'n onderhoud genooi word nie, moet u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

SLUITINGSDATUM: 5 Augustus 2010

SUIDWESFIN (Edms.) Bpk., reg. nr. 1998/007714/07

Die Eerste Keuse